
# JOP

# Lê nie Heeldag in die Bed nie.



CHRIS OPPERMAN

# JOP
# Lê nie Heeldag in die Bed nie.

*deur*

**CHRIS OPPERMAN**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2023

# Jop
# Lê nie Heeldag in die Bed nie.

Voorbladskets is verkry van ʼn ou foto van die skrywer wat geneem is gedurende 1965 in Kampsbaai - Suid Afrika.
Hierdie storie is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Die karakters en gebeure van hierdie verhaal is gedeeltelik waar, wat die skrywer self ervaar het terwyl die res fiksie is.

# JOP
# Lê nie Heeldag in die Bed nie.

deur
Chris Opperman

ISBN 978-1-928498-93-3

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2023)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# DIE SKRYWER



**Christiaan Rudolph Opperman** is in 1942 te Pretoria gebore maar sy opgroei jare was in Florida, waar hy ook sy matriek te Florida Hoërskool gemaak het.
Daarna behaal hy sy BCom. Rek. graad aan die Universiteit van Pretoria en kwalifiseer ook as geoktrooieerde rekenmeester en ouditeur.
Hy was ’n kranige tennisspeler, ook ’n goeie groot geweer skut en ’n snoeker speler van formaat.
Twintig jaar lank werk hy in die finansiële gebied vir groot maatskappye in Johannesburg en Pretoria, daarna verhuis hy na Vryburg waar hy sy eie besigheid as rekenmeester en ouditeur beoefen het.
Twintig jaar lank spandeer hy op Vryburg, waar hy ook vorder tot Burgemeester. Daarna verhuis hy na Somerset Wes waar hy sy eie restaurant geopen het.
In die jaar 2000 tree hy af en bly hy tans in Gordonsbaai.
Hy is getroud met Rina van der Merwe. Hulle is nou 58 jaar saam, beide fris en gesond en het twee kinders waarvan een oorlede is.
Ledigheid het hom die pen laat opneem en toe kom hy agter dat hy nogal ’n sekere handigheid met woorde het.
Hierdie stories oor die karakter Jop handel oor die wedervaring van ’n alleenloper wat met sy Toyota voertuig die land vol toer en oral waar jy kom, ervaar hy een na die ander interessante avontuur. Van die stories is grootliks gebaseer op werklike ervarings deur die skrywer self, terwyl ander bloot fiksie staaltjies is wat ieder en elk sal mee kan assosieer en dit geniet.

# JOP
# Lê nie heeldag net in die bed nie.

## HOOFSTUK 1

Jop is my naam, veral as my pa my vra of ek my huiswerk gedoen het.
Jopie, as my ma vra of sy my met my huiswerk kan kom help.
Ek het as Jop groot geword in die weermag waar ek twee jaar spandeer het by ’n spesiale eenheid waar ek allerhande tegnieke geleer is vir ’n kontak situasie. Ek was spesiaal. Effe langer as die normale man, nogal wye skouers, skraal heupe en atletiese bene. Vroumense het dadelik van my gehou.
Spesiaal bedoel ek ook giftig soos ’n sakspinnekop. As ek jou bygekom het dan was dit lankal te laat. Na die twee jaar is ek Universiteit toe waar ek van alle dinge ’n rekenmeester geword het. Maar somme was nie vir my nie en ek het toe die pad gevat op soek na avontuur.
In elk geval, na drie dae het sy my verlaat, met slegs ’n nota op ons motel se bedkussing. Jy het my liggaamlik uitgeput, selfs ek moet toegee, jy is iets anders, Jop. Ek het dit egter so half en half verwag, want ek was self al moeg om die boude.
Nou ja, ek pak toe maar op, betaal die kamerkoste en vat weer die pad. My Toyotatjie staan buite, heeltemal onopsigtelik soos ek dit wou hê, sonder om ’n idee te hê van waarheen ek nou gaan. Die kar korrel noord, so dis

die rigting waarheen ek die pad vat. My reisklere is agter in en my kredietkaart in my sak. Die karretjie is niks wonders nie. My oupa het nogal van my gehou en het ’n groot gedeelte van sy boedel aan my agter gelaat. Ook ’n stukkie grond in die Prins Albert omgewing. Dit lê wes en ek gaan dit nou besoek. ’n Boer die is ek nie, maar tog wonder ek wat van die grond geword het.
Dis ’n ver plek, die Prins Albert, maar dit lê op my rigting. Na ’n lank rit moet ek stop vir petrol by ’n padstop. Ek loop sommer by die kroeg daar naby in om my dors te les. En net daar is daar ’n spanning in die vertrek. Haai jy, wie is jy om met daardie kar se geraas ons vrede te kom versteur? ’n Javel staan op asof hy my wil uitgooi. Die manne is duidelik al goed onder die weer.
Ek glip van my stoel af en skop hom tussen sy bene. Eerste in, eerste uit, so is ek geleer. Met ’n knik van my kop groet ek die res en vat weer die pad. Die Toyota is darem ’n gemaklike lang afstand motor en voor ek weet, is ek in Oudtshoorn.
Daar moet mens seker ’n volstruisplaas besoek. Daar is selfs ’n volstruis resies met ruiters en al. Baie toeriste is te siene. Die plaasmense weet hoe om mense te vermaak. Ek is onmisbaar aan my bou, maar om aan my te stamp is darem onnodig en dis presies wat so ’n groot buitelander, seker om beter te kan sien, aan my doen. Ek draai om en gee hom terloops ’n stamp op sy gorrel. Hy stik en ek loop. Ek gaan koop darem vir my ’n pakkie volstruisbiltong. Dit is hard en bros en smaak heerlik so in die ry. Nou mik ek Prince Albert toe!